VOLUME 12

DESEMBER 2020

# NETWERK

## WELKOM


En só het ons aan die einde van hierdie onverwags deurmekaar jaar gekom. Selfs al word dit oral beskou as een van die moeilikste jare tot dusver, is daar tog 'n paar dinge om voor dankbaar te wees. Ons was verbaas om te leer hoe aanpasbaar ons is en hoe vinnig ons nuwe, innoverende planne kan bedink om besigheid te doen op 'n "nuwe normale" manier. Die ekstra gesinstyd was 'n bonus en het ons tyd gegee om te reflekteer op ons lewens.



Ons fokus in hierdie uitgawe op die geskiedenis van die Erfdeel Kultuursentrum in Windhoek en vertel hoe dit tot stand gekom het, deur die dryf van wyle oom Kosie Pretorius. Ons deel ook graag nuus oor opkomende gebeure en vertel van kultuuraktiwiteite wat onlangs plaasgevind het.

'n Reuse dankie aan Susan Alexander wat help met die taalkundige versorging van ons nuusbriewe.

Deel asb. hierdie nuusbrief met ander Afrikaanssprekendes om Afrikaans 'n luider stem te gee in Namibië.



Daar is verskeie boeke beskikbaar op bestelling .

Elke een gekies vir die bydrae tot die Afrikaanse taal.

BOEKE 19



"Hy is die enigste politieke figuur in Suidwes wat onbeskaamd sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing bely en nederig uitgeleef het; dat die gesag van die Bybel nêrens gesystap kan word nie, ook nie in die politiek nie. Sy vyande het geweet hy kan nie gekoop word nie en sy vriende het geweet dat hy rotsvas sal bly staan. Daarvoor sal hy altyd geëer word."

Profiel : Kosie Pretorius 7

## VOORTREKKERS

Ons hou steeds koers en vertrou dat ons getroue hemelse Vader, wat ons tot hiertoe gedra het ook sal voorsien vir elke dag wat kom.

Diegene wat by die Voortrekkers betrokke wil raak, word uitgenooi om die Voorsitter, ds. Jan du Plessis te kontak by 081 3594201 of jan.duplessis@ymail.com.

Die Voortrekkers Namibië

## ONDERSTEUN VIR NETWERK

Om praktiese uitvoering te gee aan Netwerk se doelstellings, wil ons graag help met onder andere leierskapsontwikkeling, mentorskapprogramme, netwerkgeleenthede te skep vir Afrikaanse studies, Afrikaners in nood te help ens.

Raak n "Vriend van Netwerk" deur n maandelikse bydrae te lewer. Ons is geresigistreer op Pay Today as "Netwerk Namibië".

OF

Elektroniese betaling - ons bankbesonderhede:

**Naam van rekening:**
**Floreat Trust t/a Netwerk**
**Bank:**
**First National Bank Namibia**
**Takkode:**
**281-972**
**Rekeningnommer**
**62244436912**

## INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| Meer oor Netwerk | 2 |
| Adverteer hier | 2 |
| Vriende van Netwerk | 3 |
| Advertensies | 4 |
| Profiel: Wyle Kosie Pretorius | 7 |
| Erfdeel Kultuursentrum | 9 |
| Geestelike boodskap – Dr. Callie Opperman | 10 |
| Wees inspirerende ouers | 11 |
| Afrikaans Sprankel | 12 |
| Sjorde | 13 |
| ‘n Bruin blaar tuimel | 14 |
| Plaaslike skrywers | 14 |
| ATKV | 15 |
| ATKB | 15 |
| Junior Jukskei | 16 |
| Voortrekkers | 17 |
| Akademia | 18 |
| Idioom /Taalwenk | 18 |
| Resepte / Boeke | 19 |


# MEER OOR NETWERK

**AARD EN GRONDSLAG**

Netwerk is ‘n onafhanklike, nie-politiese, vrywillige, Christelike Afrikaanse organisasie. Die grondslag van die organisasie is die Bybel as die Woord van God en dus rigtinggewend vir die hele lewe.

**DOELSTELLINGS**

Om verskillende organisasies, instansies en individue, wat hulle beywer vir die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur, met mekaar te laat “netwerk”.

Hierdeur bereik ons ons doel:

- Ons skep netwerke tussen relevante organisasies en mense
- Ons is inklusief met wie ons saam werk
- Ons is inklusief met die wat met ons wil assosieer
- Ons is nie voorskriftelik op wat ander moet doen nie, maar werk saam en gesels
- Ons fasiliteer die optimale benutting van bronne
- Ons kry samewerking deur die ervaring van samewerking, waarde toevoeging en diens
- Ons skep en lewer aksies waar daar gapings is
- Ons inisieer, stimuleer en versnel aksies en gesprekke

Besoek ons webblad vir meer inligting, www.netwerk-na.org

# VRIENDE VAN NETWERK




Ons bied professionele dienste in dorps- en streeksbeplanning, omgewingsbestuur en groen geboue, asook advies en produkte in die water- en afvalwaterbehandelingsbedryf.

SEENA
LEGAL CONSULT (PTY)LTD
ASSISTING THE BUSINESS OWNER

Sedert Maart 2008 het SEENA meer as 4,000 Namibiese ondernemings met hul arbeidsbehoeftes gehelp, met onder meer dienskontrakte tot stakings, dissiplinêre navrae, vakbondonderhandelinge en regstellende aksie.

Channel Kanaal 7

‘n Gemeenskapsradiostasie wat bestuur en bedryf word op Christenbeginsels volgens die Bybel. Kanaal 7 saai op 33 FM senders landswyd uit en bereik meer as 43 dorpe.

## IS JY ONS VOLGENDE VRIEND?

## JOU BESIGHEIDSEMBLEEM HIER

ADVERTENSIES




# Ons sien die geheelbeeld, jy geniet die voordeel.

**Kontak ons vir gespesialiseerde welvaartsbestuur**

**PSG Namibië**

**Windhoek T** 061 378 900 | **Walvisbaai T** 064 207 970 | **Swakopmund T** 064 461 660

**E** wealth@psg.com.na

PSG Wealth Management (Namibia) (Pty) Ltd is 'n lid van die Namibiese aandelebeurs.

## ADVERTEER

### JOU BESIGHEID

Kontak vir Netwerk by admin@netwerk-na.org om jou besigheid in die nuusbrief te adverteer teen baie billike tariewe.

# ADVERTENSIES



# PROFIEL: WYLE J.W.F. (KOOS) PRETORIUS 'n ROEPING VERVUL

Vroeë Lewe en Invloede

Koos is gebore op 5 September 1935 te Swakopmund uit stoere Christen-ouers wat naby Otjiwarongo geboer het. Hy was Voortrekker- en kadet-offisier, Sondagskool-onderwyser, hoofseun en lid van Hoërskool Otjiwarongo se eerste matriekgroep in 1953. Sy predikant-oupa en pa wat 'n kerkraadslid was, het bygedra om vroeg reeds 'n diepe Godsbesef en geloof by hom te vestig. Hy wou van vroeg af reeds predikant word en het inderdaad met sy teologiese studies aan die Universiteit van die Vrystaat begin. Deur sy pa, wat lid van die Ossewa-Brandwag, Reddingsdaadbond en verteenwoordiger van die Nasionale Party in die Wetgewende Vergadering was, het hy vroeg reeds ook met politiek en kultuur kennis gemaak.

'n Sameloop van omstandighede – hy ervaar dit as goddelike beskikking wat meermale in sy lewe sou plaasvind – laat hom van kursus verander toe hy geskiedenis met staatsleer vervang. Dit sou later 'n ganse koersverandering in sy (beroeps-)lewe meebring. Aan universiteit neem hy aktief deel aan die verenigingslewe: Admissiebond, Afrikaanse Studentebond, KJV, Calvinistiese Bond en Nasionale Jeugbond. In 1957/58 was hy Organiserende Sekretaris van die ASB, wat hom landwyd laat reis en kennis maak het met studente en denkwyses van Afrikaanse universiteite en onderwys-kolleges.

Hy begin worstel met die skyn en die werklikheid van die lewe en dit bevorder by hom 'n lewensbeskouing gegrond op Christelike beginsels en praktyke soos vervat in die Bybel.

Geregtigheid word vir hom 'n rigtinggewende lewensdoelwit – ook in sy latere politieke lewe. Hy sou nie meer predikant word nie, maar as politikus hierdie strewe na geregtigheid probeer verwesenlik. In hierdie verband sou die Neo-Calvinistiese staatsleer van prof. Herman Strauss, een van sy groot mentors, die begrippe eenheid en verskeidenheid by hom vestig as wesenlike boustene van die maatskaplike werklikheid.
Koos is getroud met Drix (Potgieter) en drie dogters en 'n seun is uit die huwelik gebore. Hy het besef hulle moes baie opoffer vir 'n politikus-man en -pa en hy was diep dankbaar dat hulle deel van sy ondersteuningsnetwerk was.
Christen-Politikus

Koos se betrokkenheid by sy land en mense word weerspieël in sy MA-verhandeling: 'Die staatkundige ontwikkeling van SWA met besondere aandag aan die invloed van die bevolkingsgroepe in hierdie verband', in 1959. In die hantering van genoemde begrippe eenheid en verskeidenheid in die politiek en gerugsteun deur sy filosofie-agtergrond, sou hy later sinvolle onderskeid maak tussen beginsel en beleid – 'n durende, konsekwente politieke riglyn in sy lewe.

Omdat Koos, op grond van sy Christelike lewensbeskouing, sulke sterk standpunte gehuldig het oor regte en verantwoordelikhede, was 'n sekulêre handves van menseregte maar slegs dit wat jy met jou verantwoordelikhede maak, dus beleid en toepassing en nooit vir hom 'n beginselsaak nie. Daarom het hy verseg om 'n sekulêre grondwet sonder meer goed te keur. Ironies genoeg het die CCN, eertydse SWAPO-bondgenoot, later betoog om godsdiens in staatskole terug te bring, maar hul kon nie daarin slaag nie. Koos was ook werktuiglik daarin dat die naam van Christus in die parlementêre gebed ingesluit is. In April 1990 verskyn die eerste Monitor met Koos as redakteur, wat eintlik man-alleen verantwoordelikheid aanvaar het vir artikels en standpunte daarin vervat. Vyf jaar later is die Nasionale Party se boeke ook toegemaak en Monitor Aksiegroep (MAG) het as parlementêre drukgroep die NP vervang. MAG sou die klem plaas op oortuigingspolitiek. Met 'n enkele setel in die Nasionale Vergadering, sou Monitor die belangrikste voertuig word om gedagtes uit te dra. Hier was Koos weer eens die staatmaker-leier wat as voorsitter en parlementêre verteenwoordiger gedien het en dikwels 'n alleenstryd moes voer vir sy ideale en beginsels.

Tydens Koos se betrokkenheid en leiding as voorsitter van die Uitvoerende Komitee van die Wetgewende Vergadering vir Blankes, was daardie regering vrywel bekend as die rykste regering in Afrika. Dit het getuig van deeglike beplanning en organisering, van pynlike finansiële dissipline, van puik kontrole en van knap leierskap. As enigste verteenwoordiger van sy party oor baie jare in die Nasionale Vergadering, is hy soms verguis en vergal, andersyds gerespekteer. Ten opsigte van sy beginsels en integriteit was hy onbeweeglik.

Hy glo dat hy tot aan die einde Christelik bly getuig het, terwyl hy vyftien jaar lank in 'n SWAPO-oorheerste parlement sy politiek bedryf het. Selfs buite sy partylede en volksgenote is sy Christelike standvastigheid opgemerk, soos bewys toe 'n swart dame hom by geleentheid in die gimnasium genader en meegedeel het dat hulle vir hom bid, omdat hy sy Christenskap in die parlement bely en uitleef.

Afrikaner-kultuurman

Koos se vroegste betrokkenheid en leiding by bewegings en organisasies soos die Voortrekkers, Afrikaanse Studentebond, kerkraadslid, stigter van die Junior Rapportryers in Windhoek en veel meer, openbaar sy rol en bydrae tot die kultuur van sy volk. Met sy goeie beheersing van sy taal en kenner van sy onderwerpe, was hy 'n gesogte spreker op talle kultuurbyeenkomste: Rapportryers, Geloftefeeste, ens.

Sy kerk en geloof was vir hom gewetensake, daarom was hy intens betrokke by sy kerk se standpunte en besluite oor die polities-maatskaplike problematiek van die dag. Talle van sy rubrieke en skrywes in die koerante en tydskrifte getuig daarvan. Onderwys en opvoeding het hom veral na aan die hart gelê en op daardie terrein was sy bydraes en standpunte altyd koersaanduidend.



Die Selfhelp-trust van Namibië

Van vroeg in sy politieke loopbaan het Koos Pretorius vergesigte gekoester vir die bewaring van Afrikaner-kultuurgoed. Toe die Suidwester-kersfonds in die tagtigerjare dormant geraak het, is die reserwefonds in aandele belê.

Daardie Fonds is toe omgeskakel na die Christelike Aksie Namibië, wat die klem in hul doelwitte geplaas het op die Christelike lewensbeskouing van opvoeding, waarvoor die Fonds hoofsaaklik aangewend moes word. Talle donasies aan Afrikaanse privaatskole het bygedra om hierdie instellings in hul beginjare stewig te help vestig.

# PROFIEL: WYLE J.W.F. (KOOS) PRETORIUS

Op 23 September 2005 rig hy uiteindelik die Selfhelp-trust van Namibië op met duidelike ideale en doelwitte om op verskeie terreine die Afrikaner-kultuur te dien.

Dwarsdeur hierdie jare het daar by hierdie trusts een goue idee-draad geloop – en dit word ook een van die dryfvere vir die skryf van sy boek: om 'n argief en museum tot stand te bring wat die ware feite van die (politieke) geskiedenis kan bewaar en ontsluit. Dit was 'n vaste punt op elke agenda van hierdie trusts. Later, toe hy sien waarheen dinge in die land ontwikkel, het hy daadwerklike stappe gedoen om iets konkreets daar te stel. Hy was jare lank die voorsitter en rigtingbepaler van hierdie trusts en het sodoende 'n kleinood gevestig. Vandag is die groot taak en rol van die Selfhelp-trust die uitbou van die Erfdeel Kultuursentrum.

### Die Erfdeel Kultuursentrum

'n Artikel van wyle Hannes Smit in die Windhoek Observer van April 2006, waarin hy die Afrikaner uitgetrap het oor die verwaarlosing van sy kultuurgoed, verwysend na die Bittereinder-monument op die hoek van Bismarck- en Blohmstraat, was die finale strooi. Koos het dadelik aan die werk gespring en binne die raamwerk van die grondwet, Wet op Tradisionele Owerhede en VN-protokolle, het hy met onvermoeide ywer en geduld met die munisipaliteit begin onderhandel oor 'n geskikte stuk grond vir die oprigting van 'n sentrum vir die bewaring van waardevolle dokumentasie en bronne oor veral die onlangse politieke geskiedenis van Namibië. Met stygende boukoste en 'n aandelemark wat in duie gestort het, was dit 'n geloofsdaad toe die boukontrak in Oktober 2009 onderteken is. Maar in Junie 2010 het die gebou, weliswaar nie heeltemal voltooi nie, reeds hier gepryk. En die eerste Selfhelp-trust-vergadering kon op 26 Maart 2010 reeds in die gebou plaasvind!



Die naam is gekies op grond van 'n wenk aan Koos deur Ouma Sussie van Niekerk aan die hand van Handelinge 20:32: "...dat julle in die seëninge kan deel wat hy aan al die gelowiges as erfdeel belowe het". Vir Koos het dit ook geestelike nalatenskap beteken. En die leuse: "Soli Deo Gloria" – deur God se genade alleen – tipeer vir Koos as diep gelowige, iemand wat deur God se genade alleen kon funksioneer.

Goeie beleggings en positiewe donateurs het voorsien in die lopende uitgawes en behoeftes van die dag. Dit het sedertdien gegroei tot 'n praktiese kultuur-vesting waarop die Afrikaner tereg trots kan wees – 'n adres in die middel van die hoofstad!

Dit omvat die nodige geriewe vir 'n argief, museum en biblioteek wat voldoen aan internasionale minimum standaarde vir sodanige instellings en met 'n beleid en prosedures vir elke komponent, wat dit laat kwalifiseer vir nodige akkreditasie en erkenning.

Verreweg die oorgrote meerderheid van die argivale bronne in die Sentrum is afkomstig uit Koos se eie dokumente-skat. Daarbenewens het hy ook 'n groot verskeidenheid boeke aan die naslaanbiblioteek nagelaat. Met die inwyding van die Sentrum op 24 April 2012 het hy die gedenksteen onthul – sy laaste groot monument waar die "gewete van sy volk" beslag sou kry.

Verskeie instellings en Afrikaner-kultuurorganisasies gebruik die sentrum vir hulle bedrywighede. Die Akademia Universiteit van Solidariteit gebruik byvoorbeeld vanaf 2018 die boonste lokale, ingerig met moderne elektroniese toerusting, as een van hulle landswye studiesentrums.

### Laaste Jare

Sedert 2013 het Koos op Walvisbaai gaan aftree. Maar sy stem was steeds nie stil nie. Verskeie bydraes in die Republikein het getuig van sy lewendige belangstelling in sake van die dag. En altyd het dit gespreek van gesag. Hy was steeds student en het telkens boeke of dokumente uit Erfdeel se biblioteek of argief geleen vir naslaandoeleindes.

Sy rol en bedrae tot die politiek van sy land het hom ook internasionale agting verdien: The 21st Century Award for Achievement van die International Biographical Centre-toekenning van die Cambridge Universiteit in Engeland het hom in 2003 te beurt geval.

'n Jaar later ontvang hy The Order of Excellence-toekenning as lewenslange gesoute politikus van die American Biographical Institute.

Verskeie ou-kollegas en vriende het hom geloof vir sy integriteit en deurleefde Christelike lewensbeskouing. Oom Danie Opperman, voormalige direkteur van onderwys en lid van die Grondwetgewende Vergadering van die Oorgangsregering vir Nasionale Eenheid, het van hom gesê: "Hy is die enigste politieke figuur in Suidwes wat onbeskaamd sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing bely en nederig uitgeleef het; dat die gesag van die Bybel nêrens gesystap kan word nie, ook nie in die politiek nie. Sy vyande het geweet hy kan nie gekoop word nie en sy vriende het geweet dat hy rotsvas sal bly staan. Daarvoor sal hy altyd geëer word."



En op 14 Julie 2017 het sy stem finaal stil geword. Maar sy nalatenskap is sigbaar vasgevang in talle monumente en bydraes en onsigbaar in die harte van soveel volgelinge en mede-Afrikaners dat hy nog baie lank tot die Afrikaner in hierdie land sal spreek.

# ERFDEEL KULTUURSENTRUM

## ONTSTAAN

Verskeie instansies beywer hulle vir die kultuur van verskillende groepe en daar bestaan reeds 13 kultuursentrums vir verskillende bevolkingsgroepe in Namibië. Die Afrikaner is vir meer as twee eeue reeds deel van die bevolkingspatroon in hierdie land en het 'n belangrike rol in die ryke diversiteit in ons land gespeel. Teen hierdie agtergrond het die Selfhelp Trust die Erfdeel-kultuursentrum ontwikkel – die verwesenliking van lank gekoesterde drome en ideale van Afrikaners oor baie jare en uiteindelik opgerig met oorgeërfde Afrikaner-fondse, skenkings en bydraes deur individue en organisasies, en wat deurgaans verantwoordelik belê en bestuur is.

## BETROKKENES EN AKTIWITEITE

Verskillende kultuurvennote en ander instellings word reeds hier gehuisves by wyse van hulle vergaderings en aktiwiteite:

• Die Selfhelp Trust, in wese die moederliggaam van die Kultuursentrum, wat verantwoordelik was vir die oprigting van die gebou en vir die huidige beheer, onderhoud en bestuur deur deeltydse beamptes. Die Trust het kragtens sy akte beskikbare fondse gekonsolideer, belê en aldus aangewend vir die bevordering van Afrikaner-kultuur.

• Netwerk, 'n onafhanklike, vrywillige, nie-politiese Afrikaner-organisasie wat deur skakeling meewerk aan 'n netwerk van individue, instellings en organisasies vir die bevordering van Afrikaner-belange in Namibië – breedweg die behoud en uitbouing van die Afrikaner se volkseie erfenis, taal en kultuur.

• Die Dorslandtrek-vereniging, Windhoekse Geloftefees-komitee, die APK en ander hou hulle vergaderings en byeenkomste in die Kultuursentrum.

• Die twee groot lokale op die boonste verdieping word deur die Akademia Universiteit van Solidariteit as studentesentrum vir hul hoë-tegnologie buitemuurse studie gehuur – een van 13 sodanige studiesentra dwarsoor SA. Verskeie Namibiese studente maak daarvan gebruik en die getalle styg bestendig. Andersyds word daardie lokale ook aangewend vir 'n verskeidenheid byeenkomste en aktiwiteite.

## HOOFAFDELINGS

Die grondvloer huisves die hart van die Sentrum: die Argief, Biblioteek en Museum.

Die Argief beslaan verskeie vertrekke waar reeds heelwat betekenisvolle historiese dokumente-versamelings/ongepubliseerde bronne, soos politieke, ekonomiese en persoonlike dokumente ontvang, verwerk en bewaar word vir navorsing en bestudering. Meer sodanige skenkings van persone en organisasies word verwelkom.

Die Biblioteek bevat Afrikaanse letterkundige werke en ontspanningslektuur en beskik ook reeds oor besondere afdelings rakende plaaslike, Suider-Afrikaanse en internasionale politiek, staatsleer, geskiedenis en kultuur. In hierdie verband beskik die biblioteek oor gesaghebbende boeke ook in Engels en Duits. Ons poog om die hoëre funksies van Afrikaans in goeie boeke te bewaar en te weerspieël en so waardering te kweek vir ons unieke taal. Saam met die Argief word dit as naslaan-biblioteek ontwikkel in 'n studiesentrum waartoe verskeie geskiedenis- en politieke reekse hulle reeds uitstekend leen. Waardevolle skenkings het tot dusver ons biblioteek gevul.

In die Museum word geskiedkundige artikels en voorwerpe van veral die Afrikaner en/of die land uitgestal, beskryf en bewaar. Ons glo die verlede moet nie net op 'n besondere wyse vertoon word nie, maar ook waardering wek vir ons pionier-voorouers – 'n lewende en motiverende verlede.

Vir die huisvesting van hierdie drie afdelings voldoen die gebou aan internasionaal vereiste minimum standaarde en is vir elk van hierdie afdelings die vereiste beleid en prosedures geskryf en gevestig, waarvolgens hulle bedryf en bestuur word. Hoewel dus nog in sy kinderskoene, word daar vertrou dat, soos fondse beskikbaar raak, meer beamptes aangestel sal kan word om hierdie besondere onderneming sinvol te ontplooi.

## BEFONDSING

Bogemelde fondse is grotendeels uitgeput deur die oprigting van die gebou. Selfhelp Trust in oorleg met Netwerk, werk aan 'n finansiële strategie wat deurlopend fondse moet genereer vir die onderhoud en bestuur van die gebou en uitbouing van die kultuur-historiese erfenis van die Afrikaner alhier, soos uiteengesit in hul onderskeie trustaktes en doelstellings. Daarvoor vertrou ons, sal Afrikaners hulle harte en beurse oopmaak en daarom wil ons u uitnooi om u te kom vergewis van wat by die Erfdeel-kultuursentrum aangaan. Opbrengste uit oordeelkundige beleggings en skenkings delg op hierdie stadium noodsaaklike lopende kostes en uitgawes.

## TOEKOMSHOOP

Ons is dankbaar vir die groot getal waardevolle boeke, dokumente en artikels wat reeds van verskeie persone en instansies ontvang is en doen steeds 'n beroep op goedgesinde Afrikaners om ons sentrum in gedagte te hou as u sou oorweeg om van u waardevolle dokumente, boeke, geskrifte en ou gebruiksartikels ontslae te raak. Ons onderneem om dit veilig te bewaar vir mede-Afrikaners, navorsers en die nageslag en vertrou dat met u ondersteuning hierdie sentrum sal ontwikkel in iets waarop Afrikaners met reg trots kan wees.

## ADRES/LIGGING

Die Erfdeel-kultuursentrum is geleë op die hoek van Simeon Shixhungleni (Bismarck) en Blohmstraat, langs die Bittereinder-monument. Ons glo dat met u positiewe samewerking ons dit voortaan die adres van Afrikaner-kultuur in Namibië kan maak.

Posbus 755, Windhoek, Namibië
Telefoon: Uitvoerende Trustee: 081 129 9061
E-pos: selfhelpkultuursentrum@gmail.com



# GEESTELIKE BOODSKAP

## GOD KAN VEEL MEER DOEN

**Efesiërs 3**

Daar is so baie dinge wat buite ons beheer is. Die afgelope jaar 2020 het die besef net nog meer bevestig. Die opdatering van Covid-19 se statistieke daagliks, die verskriklike brande in die Vrystaat, die jarelange droogtes, die vretende ongeneeslike siektes in ons geliefdes se liggame, die voortstu van populisme na die yslike afgrond, en so kan ons byvoeg. In elkeen van ons se lewens is daar daardie "te groot probleme of struikelblokke".

Maar tog bid ons gereeld daaroor of daarvoor.

Met watter geloof bid ons? Of met watter verwagting bid ons? Wie is God tot wie ons bid vir ons?

Soms dink ons so klein oor God, terwyl Hy tog almagtig is. Ons pleit by Hom, maar vergelyk Hom in ons onderbewussyn dalk maar met 'n mens!

Op 'n besondere manier word Paulus se gebed vir die Efesiërs afgesluit: "Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen." EFESIËRS 3:20-21 AFR83

Deur sy krag kan God veel meer doen as wat ons bid of dink!

Hom kom die eer toe, nou en tot in ewigheid. Hy moet aangeroep word met geloof. Maar Hy moet ook deur die kerk geëer word.

Weer terug by die dinge wat buite ons beheer is. Waarom hinder dit ons so? Waarom begeer ons dat daar 'n einde aan onaangename dinge kom? Waarom daaroor bid?

Jakobus waarsku ernstig dat gebede nie verhoor sal word as dit net gaan om persoonlike begeertes te bevredig nie (Jak 4:3). Die Ou Testament se profete het dikwels uitgewys dat gebede nie gehoor sal word nie, weens skyngeloof en skynheilige aanbidding.

Jesus het gesê: “Dit verseker Ek julle: As julle maar geloof het so groot soos 'n mosterdsaadjie, sal julle vir hierdie berg sê: ‘Gaan staan daar anderkant!’ en hy sal gaan. Niks sal vir julle onmoontlik wees nie.” MATTEUS 17:20 AFR83

Geloof en gebede, opregtheid in ons lewe as kinders van ons Vader en die manier waarop Hy op ons gebede reageer, loop hand aan hand.

Dis waar dat ons nie ons wil op God kan afdwing nie.

Dis ook waar dat Hy gebede verhoor volgens sy wil. Hy is ook die alwyse, wat alles stuur volgens sy raad en besluite.




Dis ook waar dat Hy alles vir sy kinders ten goede laat gebeur.

Maar nooit mag ons halfhartig of kleingelowig bid nie. Die kleinheid van ons verstand om sy wil te verstaan, mag nie ons vrymoedigheid wegneem nie.

Ons begrip van God se almag, van sy vermoëns om meer te kan doen as waarvoor ons bid, word deur die Skrif gevorm. So maak Hy Homself aan ons bekend. Van Genesis tot in Openbaring lees ons van sy groot dade. Laat ons dan gelowig bid, want Hy is vir seker die God wat groter in krag is, as wat ons ooit kan dink. En Hy is ons Vader in Jesus Christus, in wie se Naam ons tot Hom nader.

**Deur Dr. Callie Opperman**

# WEES INSPIRERENDE OUERS OM KAMPIOENE TE KWEEK IN SPORT EN DIE LEWE

Netwerk het op 4 Desember 2020 'n inspirerende ontbytfunksie aangebied met Dr. Henning Gericke via Zoom as gasspreker, trots geborg deur PSG Namibië.

Een van Netwerk se doelwitte is om gesprekke te stimuleer en waarde toe te voeg. Sterk gesinsbande is die basis van 'n gesonde gemeenskap en die toekoms van ons kinders is van uiterse belang, dus skakel Henning Gericke se onderrig om ouers te help om hul kinders die regte rigting in die lewe te gee, perfek in by ons visie.

Henning Gericke is wel bekend vir sy rol as "kopdokter" in die sukses van verskeie presteerders in sport. Hy was die motiveringsafrigter vir onder andere die Springbok Rugby Wêreldbeker-wenners van 2007, die Sharks Curriebeker-wenners van 2008, die Protea krieketspan van 2011, die SA Olimpiese Swemspan van 2012, die WP Curriebeker-wenners van 2014, die Protea Netbalspan van 2018, en die Blou Bulle in die huidige seisoen. Tydens Namibië Rugby se 2015 Wêreldbeker-deelname, was hy ook betrokke by die span. Hy tree ook op as sportsielkundige vir individue en konsulteer as hoë-prestasie afrigter in die sport-, sowel as korporatiewe wêreld.

Hy het sy D.Phil.-graad in Kliniese Sielkunde behaal aan die Universiteit van Pretoria en spog met ses topverkoper motiveringsboeke.

In sy persoonlike sportloopbaan het hy self groot hoogtes bereik. Hy het die wêreldrekord vir O.16 gehou in die 1500-meter en Junior Springbokkleure verwerf. Henning het ook die bekende grens van die "4-minuut-myl" 10 keer gebreek. In 1984 het hy gekwalifiseer om deel te neem aan die Olimpiese Spele, maar kon vanweë Suid-Afrika se internasionale sportverbod nie deelneem nie.

Henning het met Namibiese ouers gesels oor sy nuwe boek, "Inspiring Parents Creating Champions in Sport and Life".


Ouers het waarde geput uit Gericke se jarelange ondervinding om met kampioene te werk, hulle te help om hul drome te ontwikkel, hulle te bemagtig met die geestelike vaardighede en veerkragtigheid om hulle te bereik, asook om die wen-gewoontes te vestig wat noodsaaklik is vir die kampioeningesteldheid.

Van die onderwerpe wat hy aangeraak het, was:

- Definieer jou definisie van sukses en deel dit met jou kind.
- Die oortuigings wat jou en jou kind sal bemagtig.
- Laat jou kind toe om te misluk en vrede te maak met sy onvolmaaktheid.
- Streef daarna om 'n geestelike onderwyser vir jou kind te wees.
- Hoe om 'n groei-ingesteldheid te kweek.
- Hoe om jou kind te help om innerlike vrees en twyfel te oorkom.
- Hoe om wyse ouerskap toe te pas.

Hierdie en vele meer word in meer besonderhede in sy boek behandel. Sien elders in hierdie nuusbrief hoe om jou kopie van "Inspiring Parents Creating Champions in Sport and Life" te bekom.





# AFRIKAANS SPRANKEL

Die een goeie ding van 2020 was dat ons vinnig meer kreatief moes raak om ou dinge op nuwe maniere gedoen te kry!

Om fondse te genereer vir Netwerk asook Afrikaanse taal- en kultuurorganisasies, is besluit op 'n kompetisie waar kaartjies teen N$50 elk verkoop is, met 'n diamant geborg deur Windhoek City Jewellers, as eerste prys in 'n gelukstrekking.

Ons is dankbaar vir die opbrengs wat ons kon insamel met hierdie poging. Die gelukkige wenners van die pryse was soos volg:

1. Jan de Jager – 0.4 kar. diamant ter waarde van N$13,000
2. Denver Mururora – 3.08 kar. toermalyn ter waarde van N$2,100
3. Mirtle Vries – 2.38 kar. sil topaas ter waarde van N$880
4. Wilmar Fourie – 1.64 kar. blou topaas ter waarde van N$800
5. Nic van Rhyn – 2.00 kar. ametis ter waarde van N$800

Baie geluk aan die wenners en 'n reusedankie aan elkeen wat 'n kaartjie gekoop, en Afrikaans ondersteun het!










# SJORDÉ









Op 22 Oktober 2020 het die ou, gewilde konsep van Sjordé stof afgeskud en weer haar kuierskoene aangetrek. Hierdie vorm van 'n huiskonsert was vroeër jare baie algemeen en goed ondersteun. Die naam dui op sjor – gooi iets om te drink, en dé – neem dit.

Netwerk het Sjordé as een van sy projekte van die jaar geïdentifiseer om kultuur te laat herleef in die binnekringe van die gemeenskap.

Gaste is behoorlik getrakteer met die uitstekende talent van dr. Chrisna-Beuke Muir met voordragte van ou gunstelinge en Jan-Willem Beuke wat musiek daarmee saam verskaf het, vir die tema van die aand, Al daai mooi goeters. Hierdie duo het gesorg vir groot vermaak met die kwaliteit wat mens gewoonlik van 'n professionele teaterproduksie sou verwag.

Die volgende byeenkoms is gereël vir 26 November waar Henriëtte van Wyk se debuutbundel, 'n Bruin Blaar Tuimel, bekendgestel word.

Hou gerus die Facebook-blad van Netwerk Namibië dop vir inligting oor verdere byeenkomste.

# ‘N BRUIN BLAAR TUIMEL

Henriëtte van Wyk se debuutbundel, ‘n Bruin Blaar Tuimel, is onlangs tydens ‘n intieme huiskonsert bekend gestel.

“Die bundel is ‘n kreatiewe verwerking van aftrede en ‘n poging om tot verhaal te kom in ‘n leefwêreld wat eensklaps klein geword het, maar terselfdertyd skielik té groot is in die wyse waarop die afgetredene haarself onsigbaar voel in die buitewêreld waar sy nie meer ‘n rol speel nie.”

“Die laaste afdeling is ’n versameling van haikoes. (Van Wyk het vroeër ’n versameling haikoes gepubliseer: Padhaikoes in Namibië, 2016, Wordweaver Publishing House.) Die haikoes is my gunsteling deel van die bundel en dit is ’n bekragtiging van Van Wyk se sterkste punte as digter: ’n fyn oog vir die natuur en ’n ewe fyn aanvoeling vir taal op die vlak van woorde en klank.

’n Bruin Blaar Tuimel is ’n stewige debuut wat die digter se bemeestering van klank en struktuur vertoon. Ek sien uit daarna om te sien op watter temas sy in haar toekomstige bundels sal voortbou.”

(Uittreksel uit ’n resensie deur Joanette van der Merwe op www.versindaba.-co.za)

Die bundel is plaaslik beskikbaar by Windhoek Book Den en Exclusive Books Namibia.




# DIE NAMIB SKRYF

**was**
©nkk – Namib Kaalvoetkind

geelgras wat wuiwend
teen die duine waai
ligvoet op die warm wind
sade blink
versprei

tyd
krimp ineen
droog-
seisoen
eis sy tol

koud die wind
wat troosloos waai
versprei
duinesand
tot niks

nou bly net
jakkals
wat kop omhoog
met die maan
sy oorwinning deel
.



# ATKV

ATKV bied aan:

ATKV inniwoestyn Kunstefees in Uis 2021
Stalletjies beskikbaar teen NAD350 per stalletjie.
E-pos vir navrae:
inniwoestyn@gmail.com

- Net ‘n paar kosstalletjies beskikbaar.
- Stuur Naam en Van plus Kontakbesonderhede (e-pos en telefoon nommer) asook ‘n kort beskrywing van wat u in Namibië vervaardig of hoe u deel wil word van die ATKV inniwoestyn Kunstefees.
- Kunstenaars sal bekend gemaak word sodra hulle bevestig. ’n Groot verrassing wag vir die Saterdagaand-optrede!



Die ATKV is in 1930 in Kaapstad deur twaalf mense gestig as ’n organisasie waar mense die lekkerte van Afrikaans-wees met mekaar kon deel. Vandag is dit dié Afrikaanse kultuurtuiste met ongeveer 70 000 hooflede en 30 kultuurprojekte per jaar wat bykans 55 000 inskrywings genereer en meer as 220 000 mense regstreeks betrek! Ook op sakegebied het die ATKV vooruitgang gemaak met sewe asemrowende vakansieoorde oor die lengte en breedte in die mooiste dele van Suid-Afrika. Die ATKV spog ook met die Negester-leefstylbehuisinglandgoedere vir 50-plussers.

Die ATKV is ’n moderne voorlopermaatskappy wat dit regkry om op ’n volhoubare wyse sosiale en ekonomiese vooruitgang kweek en sodoende verseker dat die Afrikaanse lewende erfenis uitgebou en bewaar word.

ATKV-waardes

Die ATKV word gekenmerk deur die Christelik-Bybelse grondslag.

Die ATKV bedryf aktiwiteite volgens gesonde sakebeginsels.

Die ATKV is verbind tot goeie korporatiewe bestuur.

Die ATKV se besluitneming en optrede is gebaseer op die etiese waardes van verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, billikheid, deursigtigheid, respek, gelykheid en menswaardigheid.

ATKV

# ATKB

Die ATKB (Afrikaanse Taal- en Kultuurbond) beywer hom vir die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur in Namibië. Daar is nuwe projekte wat in die nabye toekoms geloods gaan word, en daar word gedink om ‘n koorkompetisie onder skole te begin.

Enige persoon kan aansoek doen om lidmaatskap van die ATKB deur ‘n aansoekvorm in te vul waarna die aansoek dan voorgelê word aan die bestuur vir goedkeuring. Die eenmalige aansluitingfooi beloop N$2,500, en dan N$1,000 per jaar lidmaatskap. Aansoekvorms kan aangevra word by ons kantoor in Swakopmund deur vir Henriette van der Merwe by tel 081 272 7590 te skakel.

Ons beskik oor ‘n baie luukse vakansie-oord naamlik Duine-oord te Swakopmund. Die oord bestaan uit sewe luukse huisies wat ten volle toegerus is met alles wat benodig word. Die huisies beskik oor breekware, beddegoed, DStv met ‘n toesluitmotorhuis. Die huisies beskik oor twee slaapkamers, elk met sy eie badkamer. Besoek asseblief ons webblad vir meer inligting by www.duine-oord.com.

Daar word wel ‘n onderskeid getref in die oornagtariewe vir lede en nie-lede. Tariewe word bepaal deur binne seisoen en buite seisoen.
Tans is daar ‘n spesiale tarief beskikbaar vir verblyf vanaf 1 September 2020 tot 29 November 2020:

- Lede N$400 per nag
- Nie-lede N$800 per nag

Vir enige besprekings kan Henriette van der Merwe by tel 081 272 7590 gekontak word.

Fondse wat uit die verhuring van die oord gegenereer word, word weer deur projekte vir die bevordering van ons taal en kultuur gekanaliseer.

Indien u enige navrae het oor die ATKB en sy aktiwiteite kontak gerus vir:

- Christie Horn 081 129 5515
- Johan Louwrens 081 128 0700

# JUNIOR JUKSKEI

Junior Jukskei het die afgelope drie jaar heelwat toegeneem in getalle. Daar het al skole begin om jukskei as sport in die skool te beoefen wat een van die redes is waarom getalle begin groei het. Jukskei word baie keer gesien as 'n "ou-mens" sport, maar tog neem daar op die oomblik meer juniors deel aan jukskei as seniors.

Jukskei verleen hom daartoe om te help met die ontwikkeling van die kind in baie aspekte. Dit help die kind met onder andere:

- Balans
- Hand–oog koördinasie
- Middellynkruising
- Wiskundige breinontwikkeling
- Afstandskatting

Jukskei word nie net op plaaslike vlak gespeel nie, maar ook op internasionale vlak waar die kind dan kwalifiseer vir nasionale kleure. Daar word ten minste by twee geleenthede teen Suid-Afrika op nasionale sowel as internasionale vlak gespeel. Die hoogtepunt van die jaar is wanneer ons kinders gaan deelneem aan die SA Junior Kampioenskappe in Desember te Kroonstad. Tydens die toernooi word daar gespeel teen al die onderskeie provinsiale spanne van Suid-Afrika, sowel as 'n amptelike toets gedurende die week. Dit is dan een van die wedstryde waar die kind as 0/16 en 0/19 seuns en dogters kwalifiseer vir nasionale kleure. Daar vind jaarliks in Meimaand 'n toernooi plaas in Namibië waar Suid-Afrika aan ons besoek aflê met al hulle nasionale spanne en onder andere hulle junior nasionale spanne.



Jukskei is by uitstek 'n gesinsport waaraan die hele familie kan deelneem. Die speelreëls leen hom daartoe dat ouderdomme van spelers geen beperking plaas wie saam speel nie. Dit geld vir alle plaaslike kompetisies. Gooi-afstande word bepaal deur ouderdom en geslag.

Tans is ons besig met 'n bekendstellingsprojek by Windhoek Afrikaanse Privaatskool. Die kinders geniet die blootstelling baie en ons lê baie klem op balans en hand-oog koördinasie.



Daar word gewys hoe om die skei vas te hou en die koördinasie van terugswaai en vorentoe tree.

Dit is juis een van die swak punte wat ons by kinders sien dat die koördinasie van die hand en die tree vorentoe nie goed is nie. As dit 'n probleem is, word daar met die balans gesukkel wat een van die mees kritiese aksies is in jukskei.



Daar was dan ook bietjie gehelp mat die Gr 1 tot 3 kinders met behulp van speletjies om hulle te help met koördinasie. Die kinders het die speletjies baie geniet en ons het hulle sommer bietjie laat jukskei speel.

Die hoogtepunt van die week was toe die onderwysers teen die kinders 'n wedstryd gespeel het. Die klomp het dit baie geniet.

Jukskei bly 'n wonderlike sport, omdat elkeen wat daaraan deelneem dit geniet en nuwe vriende maak, nie net vriende in ons land by ander skole nie, maar ook oor grense. Daar word blywende vriendskappe gesmee wat oor jare heen bewaar word.

As jou kind die geleentheid wil gebruik om betrokke te raak by jukskei, moedig hom/haar aan. Indien u kind graag betrokke wil raak, kontak Christie Horn by 081 129 5515.





# VOORTREKKERS

Die Voortrekkers word DV in 2021 … 90 jaar

U weet alreeds uit vorige nuusbriewe van die aktiwiteite van die Voortrekkers in Namibië. Ons is 'n kultuurbeweging wat in besonder die jeug toerus as moderne AFRIKANERS, positiewe BURGERS en konsekwente CHRISTENE.

In die Gr. 0 - 7 jare lê die klem op ontwikkeling van self-kennis, kultuur-kennis en lewensvaardighede.
Daar is klaar uitgewerkte boekies en die kort kursusse (kentekens) is onder andere Persoonlike versorging, Kommunikasie, Helde, Waterbewustheid, Die Kok, Eko-sorg, Handwerk, Plantkennis, Fietskunde, Ruimte en sterrekunde en nog vele meer.

In die Gr. 8 - 12 jare verskuif die klem na lewensverrykking, kultuurverrykking en leierskapontwikkeling. Voorbeelde van kort kursusse (kentekens) is Boom-identifisering, Fotografie, Elektronika, Amateur-radio, Werktuigkunde, Kerkjaar, Selfverwesenliking, Noodhulp, Jag en Wildbeheer, Waterredding, Bonsai, Seil en nog baie ander.

Daar is verskillende maniere om betrokke te raak:


- Sluit as gesin aan by Die Voortrekkers
- Kamp saam met die kinders
- Bied u kundigheid aan t.o.v. kursus-aanbiedings
- Neem 'n span kinders en word offisier

Daar is reeds gevestigde Voortrekkers in Windhoek, Otjiwarongo, Tsumeb, Swakopmund en Walvisbaai.

Ons nooi u uit om, indien u dorp nog nie Voortrekkers het nie, met ons te gesels sodat ons saam kan planne maak.

Kom ons … GAAN GROOT … saam met die … VOORTREKKERS in 2021

Kontakbesonderhede:
elminemccarthy@gmail.com
namibievoortrekkersbemarking@gmail.com



# AKADEMIA

MEDIAVERKLARING
25 November
Akademia lei nuwe generasie mediapraktisyns met jongste kwalifikasie op

Die Afrikaanse hoëronderwysinstelling Akademia het op 25 November 'n opwindende nuwe kwalifikasie, naamlik BA (Kommunikasie en Joernalistiek), tydens 'n spoggeleentheid bekendgestel. Hierdie kwalifikasie sal vanaf 2021 voltyds in Afrikaans by die nuutingerigte kampus in Centurion aangebied word, en aansoeke vir dié graad is nog oop.

Omdat die media- en kommunikasiebedryf teen 'n verstommende tempo verander, bied hierdie bedryf vele uitdagings – maar ook wonderlike geleenthede – vir studente wat in kommunikasie en joernalistiek afstudeer, sê dr. Alé Steyn, die programkoördineerder van BA (Kommunikasie en Joernalistiek).

Steyn noem dat daar 'n groot verantwoordelikheid op hoëronderwysinstellings rus om studente op te lei wat vir die toekoms toegerus is, omdat ons nie meer jongmense kan aflewer wat slegs kennis en vaardighede het nie – studente gaan 'n toekoms tegemoet waarin hulle aanpasbaar en innoverend moet wees.

Prof. Pieter Duvenage, dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe by Akademia, voeg by dat die instelling besonders trots is op die uitbreiding van die fakulteit met hierdie relevante kwalifikasie. "Hierdie graad is uniek geposisioneer sodat studente nie net as kommunikasiekundiges en joernaliste opgelei word nie, maar dat hulle karakter en insig, in lyn met Akademia se opvoedingsideaal, gevorm word.

Om te verseker dat hierdie nuwe program kan meeding met die bestes, het Akademia die program oor jare ontwikkel en by kundiges in die bedryf en akademici by instellings in Suid-Afrika én in die buiteland gaan aanklop. Die akademiese ontwikkelingspan het gaan kyk na wat ander uitnemende instellings in die buiteland doen en wat hulle programme van ander onderskei, en plaaslik op hierdie suksesse uitgebou. Boonop het Akademia ervare en knap kenners aangestel om in 2021 met die eerste groep studente te werk, en die instelling span saam met bedryfsvennote om te verseker dat studente toegerus is om suksesvolle loopbane te bou.

Sarina Frauenstein, immergewilde programaanbieder en omroeper by Pretoria FM, het as seremoniemeester by die bekendstellingsfunksie opgetree en die belang daarvan uitgelig om só 'n kwalifikasie in jou moedertaal te voltooi. Sy het klem daarop gelê dat die vaslegging van konsepte of idees in jou moedertaal kan help om jouself in 'n tweede of selfs 'n derde taal te laat geld.

Die bekende mediapersoonlikheid Freek Robinson het joernaliste se betekenisvolle taak om objektiewe stories in 'n moeilike wêreld te vertel uitgelig. Hy beskou die mediabedryf as 'n dinamiese en samelewingsrelevante een. "Elke dag in hierdie bedryf is 'n avontuur. Dit is seker die interessantste werk, met die grooste blootstelling van alle beroepe aan uiteenlopende mense, klasse en uitgangspunte."

Studente wat hierdie driejaarkwalifikasie aan Akademia studeer, kan daarna uitsien om nie net in teorie in beide kommunikasie en joernalistiek verdiep te raak nie, maar ook baie praktiese ervaring op te doen in die vorm van internskappe, gaslesings, mentorskapprogramme en studentepublikasies.

Akademia beoog met hierdie kwalifikasie om studente met die nodige kennis, vaardighede en opvoeding toe te rus, sodat hulle eendag 'n sinvolle en positiewe bydrae kan maak in die gemeenskappe waarin hulle hulself bevind. "Ons hoop dat die jongmense wat deur ons hande is die staatmakers, planmakers en verskilmakers van die toekoms sal wees," sê Steyn.

Vir meer inligting, kontak Chrisna OKennedy (Studentewerwer: Namibië) by chrisna@akademia.ac.za of 081 6250167.

# IDIOOM




# TAALWENK



# RESEP



**VANMELEWE SE VLAKOEKIES**

Bestanddele:
680 gram botter of margarien
100 gram versiersuiker
5 ml vanillageursel
185 gram vlapoeier
5½ koppies koekmeel
20 ml bakpoeier (4 teelepels)
knippie sout

Metode:
Verroom smeer en versiersuiker tot lig en donsig.
Voeg geursel by en meng goed.
Meng droë bestanddele goed, voeg bottermengsel by droë bestanddele en meng goed.
Bak vir 10 tot 15 min in 180°C oond, vul koekies met vulsel van jou keuse.


Eintlik is dit ‘n koekie wat deur ’n meultjie gesit kan word, maar die koekies is baie bros en breek maklik, so ek weeg my koekies in 16 gram balletjies en druk dit dan met ‘n outydse garetolletjie wat lyk soos ‘n blommetjie.

Nota: Knie die deeg goed, gebruik die regte margarien teen kamertemperatuur, en klits die margarien en versiersuiker tot lig en romerig. Ek bak die vlakoekies al baie jare vir ons tuisnywerhede; nog nooit in my lewe was dit ‘n flop nie. Die deeg is reg wanneer jou hande skoon is en geen deeg aan jou hande vassit nie; ek klits met ‘n elektriese menger.

(Bron: www.foodloversrecipes.com)

# BOEKE

Bestellings vir die volgende kan geplaas word by admin@netwerk-na.org





**“Inspiring Parents Creating Champions in Sport and Life” – Dr. Henning Gericke - N$300**
As welbekende sportsielkundige en motiveringsafrigter, deel Henning Gericke waardevolle beginsels oor hoe om jou kinders te help om hul drome te ontwikkel, hulle te bemagtig met die geestelike vaardighede en veerkragtigheid om dit te bereik, asook om die wengewoontes te vestig wat noodsaaklik is vir ‘n kampioeningesteldheid.




**Land Onder Woorde - Saamgestel deur Dr. Chrisna Beuke-Muir - N$200**
Die bundel bevat die kreatiewe werk van die Namibiese aspirantdigters en -skrywers wat verlede jaar ywerig tot ’n verruiming van die Namibiese woordkuns bygedra het.

Die bundel is keurig saamgestel deur dr. Chrisna Beuke-Muir, medestigter en voorsitter van Windhoek Woordfees. Knap aangebied in afdelings, gee sy ’n oorsig van die onderskeie digvorme soos die haikoe en senrye, rymende verse, die sonnet, die pantoen, limerieke en die vrye vers. Dit maak van die bundel ‘n handige werktuig in die hand van Afrikaansonderwysers en –dosente.

Land onder woorde is onlangs vereer met die Orde van die Beiteltjie-toekenning deur die Afrikaanse Woordkunsakademie.




**Die Gemsbok met die Oorbel – Jurie Viljoen – N$100**
Die jonger generasie wonder dalk wat het ons gemaak sonder TV en selfone. Hoe maak 'n mens seep of brei rieme of hoekom is dit belangrik dat die oorbel aan die gemsbok is?
“Die Gemsbok met die Oorbel” is ’n samestelling van eg-Namibiese verhaaltjies van voor die “elektroniese” era waarby alle generasies aanslag sal vind.

# KALENDER

• 16 Desember – Geloftefeeste: Hou Netwerk Namibië se Facebook-blad dop vir nuus oor byeenkomste naby jou

**2021 DV:**
(Datums onderhewig aan verandering)
• 20 Februarie – WAP FAK-middag en Moedertaalfees
• 21 Februarie - Moedertaaldag
• 3 Mei - ATKV inniwoestynfees (Uis)
• 26 – 28 Augustus – Omaruru Kunstefees
• 23 – 25 September – Nictus NAPSO Kuns- en Kultuurfees
• Deurlopend Windhoek Woordfees

